# Gesels saam

## GRAAD 7-10

## WELKOM

Vertel vir mekaar van 'n keer wat iemand vir jou goed was of jou versorg het, en jy dit nie verwag het nie.

Ons gesels vandag oor Elia en die versorging wat hy, en later die weduwee en haar seun, van God ontvang het.

## WONDER

Vertel 1 Konings 17 vir die jongmense. Voer dit gerus in drie dele op: Elia word versorg deur kraaie wat kos bring; die weduwee se kruik olie en meel raak nie op nie; die weduwee se seun sterf en word weer lewend gemaak.

Lees 1 Konings 17:10-16 saam.

Gesels saam:

- Wat dink julle het Elia gedink toe God vir hom kraaie met kos stuur?
- Hoe dink julle het die weduwee gevoel toe Elia vir haar laaste kos vra?
- Hoekom sê Elia dat die olie en meel nie sal opraak totdat dit weer reën nie?

## WEES

God sorg vandag nog vir ons en nooi ons om ander mense te versorg.

Kyk die **volgende video (https://www.youtube.com/watch?v=qLGNj-xrgvY)** saam.

Gesels saam:

- Hoe het die man in die video se gesindheid verander toe hy die tannie gehelp het en dankbaarheid van haar ontvang het?
- Wat maak dat ons ook soms met ons hande in ons sakke loop?

- Wat maak dat ons ook soms met ons hande in ons sakke loop?
- Kan julle aan mense en plekke dink wat ons hulp benodig? Wat kan ons daar gaan doen?

## WEGSTUUR

Dink hierdie week na oor die maniere waarop God op die oomblik vir jou (en julle huishouding) sorg. Skryf dit in jou dagboek neer.

---